

23 Oktober

**Skrifgedeelte: Matteus 6:19-24**

**Fokusgedeelte: Matteus 6:22**

### **Die oog is die deur van ons hart!**

Het jy geweet dat jou liggaam "lig" van buite jou menswees kan opvang? Deur ons oë kan ons alles om ons sien en inneem! Die oë straal nou wel nie lig uit nie, maar wat dit sien ... wat die brein binnedring, het 'n geweldige invloed op die hele liggaam en sy denke! Dit kan die liggaam verlig of verduister! Dit kan 'n helder lig daarin aansteek ... die "lamp" laat ontvlam of uitdoof!

Hoe steek die oog die lamp in my liggaam aan? As die oog "reg" (OAV) of goed is en die pragtige skepping van God in *al* sy fasette sien en jy jou daarin verlustig, sodat dit jou met wonderlike vrede vervul, dan ervaar jy mos met verrukking ons Almagtige God daarin! Jou liggaam en al jou werke straal dan 'n helder lig van dankbaarheid en "offerliefde" uit vir Hom wat alles uit niks geskape het! Ja, nou is jou liggaam verlig, mooi, diensbaar aan God, jou naaste en die hele skepping! Wat sien jy? Waarop is jou oog gefokus? Is daar lig in jou en brand jou lamp? Straal jou liggaam lig uit, "lig" vir God?

Die oog kan egter ook 'n bron van versoeking word deurdat dit die lig uitdoof: "... elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg" (Matt. 5:28) en, voeg Hy daaraan toe: "... ruk daardie oog uit!"

In hierdie gedeelte wys Jesus egter op die gevaar wat jou oog vir jou kan bring ten opsigte van rykdom! As jou oog sleg is, jou hart gefokus is op die skatte van ander of die skatte van die aarde, gierigheid, afguns, jaloesie jou hele bestaan beheers, sal jou liggaam sonder lig wees! So 'n mens is "donker" en bring geen voordeel vir God se koninkryk en sy naaste nie! O, hoe donker moet dit nie vir so 'n mens wees nie, so donker soos die verdoemenis? Wat is jou oog vir jou liggaam – is dit 'n liggende lamp?

Rykdom is egter nie alleen 'n versoeking nie, rykdom kan ook die *lamp* vir die liggaam wees! As jou oog gefokus is op die nood van die mensdom en die hart word daardeur oortuig om onbaatsugtig hulp te verleen uit die skatte wat God aan jou gee, is die oog werklik 'n lamp vir die hele liggaam! Die oog steek dan die lamp van die liggaam aan tot 'n heerlike helder lig wat God welbehaaglik is! Nog 'n "skat" in die hemel!

*Sing: Psalm 16:4 (Totius)*

*Ds. J Marais (Emeritus)*